

22. Liturgies

22.1 AANVULLENDE RAPPORT 1: DEPUTATE LITURGIESE SAKE – SUBGROEP AFRIKAANSE LIEDERE KEURING VAN PSALMS, SKRIFBERYMINGS, BELYDENISLIEDERE EN ANDER GEESTELIKE LIEDERE

1. Sake waarvan die Sinode kennis neem

- 1.1 *Opdrag:* Acta 2012:407, 2.4: Om Psalms, Skrifberymings en ander geestelike liedere wat deur kerke en lidmate aan die Deputate voorgelê word sowel as die liedere wat reeds aan die Deputate voorgelê is maar nie afgehandel kon word nie aan die hand van die omvattende beginselraamwerk te beoordeel.
- 1.2 Voortspruitend uit werk wat sedert die indiening van die Deputate se Rapport gedoen is, beveel die Deputate onderstaande nuwe Skrifberymings en Skrifgetroue lied vir gebruik in die eredienste van die GKSA aan.
- 1.3 Die Deputate het in die beoordeling van die beryming van Deuteronomium 32:1-43 (die Lied van Moses) bevind dat daar nie eksegetiese probleme met die beryming is nie en dat dit, behalwe vir enkele letterkundige sake wat reggestel kan word, aan al die vereistes vir 'n Skrifberyming voldoen. Die aard daarvan is sodanig dat die lied in beginsel goedgekeur kan word met die opdrag dat die Deputate die enkele sake wat uitstaande is, afhandel in plaas daarvan dat tot Sinode 2018 gewag word vir die goedkeuring van die lied.
- 1.4 Weens die hoeveelheid Skrifberymings en Skrifgetroue liedere wat deur Sinode 2009 en Sinode 2012 goedgekeur is saam met die wat aan Sinode 2015 voorgelê word, behoort aandag gegee te word aan 'n moontlike hersiene uitgawe van die Psalmboek.

2. Sake waarvoor die Sinode besluit

- 2.1 Die volgende Skrifberyming word deur die Deputate aanbeveel vir gebruik in die eredienste van die GKSA, aangesien dit aan al die vereistes vir 'n Skrifberyming voldoen:¹

Of ons lewe en of ons sterwe
(*Beryming van Romeine 14:7-8*)

(Teks: Prof Fanie Jooste)
(Melodie: Psalm 42)

Niemand leef tog vir homself nie.
Niemand sterf ook vir homself.
Ons leef U tot eer, o Here,
en ons sterwe is tot U.
Of ons lewe, of ons sterf,
ons behoort aan U, ons Heer!
Lei ons altyd so te lewe:
Heilig, aan U oorgegewe!

Here = Eienaar (HK, Vr & Antw 34)

¹ Besonderhede van die bespreking en bevinding oor hierdie voorgestelde Skrifberyming is in ongepubliseerde Bylae A.

2.2 Die volgende Belydenislied word deur die Deputate aanbeveel vir gebruik in die eredienste van die GKSA, aangesien dit aan al die vereistes vir 'n Belydenislied voldoen:²

My ellende

(Beryming van Heidelbergse Kategismus, Sondag 2-3)

(Teks: Prof Leendert Dekker)

(Melodie: Diederick Basson)

1.

Diep die verlorenheid van my bestaan!
U wet, o Here God, leer my verstaan:
U heilige gebod, wat liefde leer,
kan ek nie nakom nie: Daar's geen verweer.
My sondelewe toon dit helder aan.

2.

My hart en siel, verstand laat hul nie tug.
Gedurig val ek in my sondes terug.
Ek volg my eie wil, my eie wet.
In my natuur verskuil leef haat, verset.
Nooit kan ek self my red, u toorn ontvlug.

3.

Gee my tog, God, vernuwing deur u Gees,
leer my opreg te lewe in u vrees.
Soos eens ons ouers in die paradys
wil ek U ken en liefhê, loof en prys,
deur naasteliefde U ook dank bewys.

2.3 Die volgende Skrifgetroue lied word deur die Deputate aanbeveel vir gebruik in die eredienste van die GKSA, aangesien dit aan al die vereistes vir 'n Skrifgetroue lied voldoen:³

Feesbede

(Teks: Prof Heilna du Plooy)

(Melodie: W.S. Gwynn Williams)

1.

Onse Vader in die hemel,
in ons kleinheid kniel ons neer
en ons bid om u beskerming,
u genade weer en weer.
Maar tog is ons oorwinnaars
deur die soendood van u Seun;
daarom klink ons dank, ons loflied
oor die hele aarde heen.

² Besonderhede van die bespreking en bevinding oor hierdie voorgestelde Belydenislied is in ongepubliseerde Bylae A.

³ Besonderhede van die bespreking en bevinding oor die lied is in ongepubliseerde Bylae A.

2.

U beloftes is ons rugsteun,
in u hand hou U ons vas.
Vir u kerk, vir u gemeente
dra U telkens elke las.
Op 'n rots deur U gevestig,
staan die bolwerk van u kerk.
Dis u liggaam hier op aarde
waarin U ons bly versterk.

3.

Want ons Here is die Here,
Hy is God Almagtig groot,
en sy Seun is ons Verlosser
wat ons red vanuit die dood.
Hy versterk ons en Hy troos ons
deur die werking van sy Gees.
Daarom klink ons dank, ons loflied
tot Gods eer by hierdie fees,
tot Gods eer by hierdie fees.

2.4 Die volgende Skrifberyming word deur die Deputate voorgelê om in beginsel deur die Sinode goedgekeur te word vir gebruik in die eredienste van die GKSA, nadat die te benoeme Deputate die enkele letterkundige sake wat nog uitstaande is, afgehandel het:⁴

INLEIDING

Ellende	1	<i>Die volk van God is voor die hof gedaag, want hulle het 'n vreemde god gaan dien. O aarde en hemel luister goed en skerp, hoor elke woord wat ek vandag bedien.</i>	Deut 31:28 Deut 31:16, 20, 29 Deut 32:1
Verlossing	2	<i>My leer, o oudstes, is soos goeie reën, my woorde is soos wydverspreide dou; soos winterstorms wat gras vir vee laat groei, soos somerdou wat blare oop laat vou.</i>	Deut 32:2
Dankbaar- heid	3	<i>Die volk se Regter gaan nou binnekom en luid sê Moses, dienaar van die hof: Ek kondig aan die HEER se Naam, sy mag, vereer die grootheid van ons God met lof!</i>	vgl Ps 9:5; Dan 7:10 Deut 31:19, 30 Deut 32:3

EERSTE HOFSAAK

Regter	4	<i>Die Rots – volmaak is alles wat Hy doen, regmatig is die pad wat Hy betree. Hy is betroubaar, goed, regverdig, wys en onpartydig as Hy uitspraak gee.</i>	Deut 32:4
Israel	5	<i>Maar al die mense hier is vol gebrek, nie-seuns is hul, 'n krom en skeef geslag.</i>	Deut 32:5

⁴ Besonderhede van die bespreking en bevinding oor hierdie voorgestelde Skrifberyming is in ongepubliseerde Bylae A.

		<i>Is dit hoe jul die Skepper-Vader eer deur dwaas, onwys, jul Maker te verag?</i>	Deut 32:6
Weldade	6	<i>Onthou die da-e nou al lank verby, besin oor jare t'rug se woord en daad. Jou vader kan jou meer daarvan vertel en grysaards sal met jou daaroor kan praat.</i>	Deut 32:7
	7	<i>Toe God die nasies hulle erfdeel gee, vir elke volk sy plek en grens bepaal, het Hy aan Israel, sy eie volk, 'n deel gegee waaruit sy liefde straal.</i>	Deut 32:8-9
	8	<i>Toe Hy hom vind, hulp'loos in woeste land, 'n land waar bose diere huil van haat, toe het Hy hom met troue sorg omring, as appel van sy oog beskerm teen kwaad.</i>	Deut 32:10
	9	<i>Net soos 'n arend oor sy kleintjies sweef, hul op sy vleuels vang en boontoe dra, so het die HEER alleen vir hom gelei; geen vreemde god was by, geen hulp gevra.</i>	Deut 32:11 Deut 32:12
	10	<i>Oor elke slagveld het Hy hom laat ry en hom 'n land vol vrugte laat betree; ook heuning uit 'n skeur in harde klip en olie van olyf aan hom gegee.</i>	Deut 32:13
	11	<i>Hy't botter, melk en skaapvleis hom geskenk, en vee uit Basan, almal vet en blink, die allerbeste koring op die land, jou sap van druiwe, goeie wyn, laat drink.</i>	Deut 32:14
Misdade	12	<i>Toe het Jesurun dik en vet geword, hom liefdeloos aan God se diens onttrek. Sy God verwerp, sy Rots van heil verag, met vreemde god sy woede opgewek.</i>	Deut 32:15-16
	13	<i>Aan duiwels het hul offers aangebied, aan hulle wat nie-God is lof betuig, Jy het jou Rots wat lewe skenk vergeet, en voor jou Skepper-God nie neergebuig.</i>	Deut 32:17 Deut 32:18
Ellende	14	<i>Toe God dit sien het Hy uit ergernis sy kinders weggewerp en ook verklaar: Ek wend My af en trek my guns terug! en Ek sal sien hoe hulle dan sal vaar.</i>	Deut 32:19 Deut 32:20a
Regspraak: regverdig en...	15	<i>Want hulle is 'n ontrou, dwars geslag wat My jaloers maak deur nie-God te eer. Met nie-volk wek Ek hulle jaloesie en laat 'n dwase nasie hul verteer.</i>	Deut 32:20b Deut 32:21
	16	<i>My toorn, 'n vlamme gloed, is aangesteek, dit brand tot onder in die doderyk,</i>	Deut 32:22

die opbrings van die land word snel verteer,
selfs vaste berge, hemelhoog, beswyk.

- | | | | |
|---|----|--|--------------------------|
| | 17 | <i>Ek stort my toorn en onheil oor hul uit,
my pyle tref v̄ir almal in hul ḡang:
'n pyl van hongersnood, 'n pyl van pes,
'n wrede dier, 'n dodelike slang.</i> | Deut 32:23
Deut 32:24 |
| | 18 | <i>My swaard so skerp, maak buite almal dood,
verskrik, beangs vir die wat binne is,
vir jongman, jongvrou, suigling, grys en oud,
na reg sou Ek vir almal uit moet wis.</i> | Deut 32:25
Deut 32:26 |
| barmhartig | 19 | <i>Maar sommiges van hul sal Ek bewaar,
want anders sal die vyand spog en lag:
Ons hand en krag het Israel verslaan
en nie die HEER van Jakobs nageslag.</i> | Deut 32:27 |
| TWEEDE HOFSAAK | | | |
| Die nasie | 20 | <i>Die nasie wat so spog, beplan verniet,
het geen verstand, is insigloos en dwaas.
Was hulle wys, dan sou hul dit verstaan,
dat hoogmoed hulle eie dood verhaas.</i> | Deut 32:28
Deut 32:29 |
| Weldaad
aan nasie | 21 | <i>Kan een 'n mag van duisend man laat vlyg
as Isr'el nie verkoop was deur hul HEER?
Ons Rots, nie hulle rots, beheer die stryd,
hul regters kan die feite kontroleer.</i> | Deut 32:30
Deut 32:31 |
| Misdade
van nasies
en Israel | 22 | <i>Hul stam van Sodoms bose wynstok af,
Gomorras wingerd voed hul drang en drif;
hul druiwetros is bitterder as gal,
die wyn wat hulle skink is addergif.</i> | Deut 32:32
Deut 32:33 |
| Regspraak | 23 | <i>Bewys van elke bose, wrede daad
sal Ek getrou in my argief bewaar.
Aan My alleen kom toe die dag van wraak;
hul val kom gou, die swaard wat straf staan klaar.</i> | Deut 32:34
Deut 32:35 |
| Verlossing | 24 | <i>Let op hoe God sy volk se saak hanteer:
Hy gaan nou gou sy dienaars self bevry,
want Hy't gesien hul krag is weg, gedaan,
en dat daar niemand is wat hulle lei.</i> | Deut 32:36 |
| Regspraak | 25 | <i>God vra: Waar is die rots, hul toevlug nou,
aan wie hul vet en wyn as offers wy?
Laat hulle nou hier opstaan en jul help,
vir jul beskerm en van my toorn bevry!</i> | Deut 32:37
Deut 32:38 |
| | 26 | <i>Besef tog: Ek is God, ja, Ek alleen!
Daar is geen ander god naas My, geeneen!
Net Ek maak dood en Ek bepaal wie leef
en Ek verskeur en Ek genees en seën!</i> | Deut 32:39 |

- 27 *Ek hef my hand ten hemel op en sweer:
Sowaar as Ek vir altyd, ewig leef,
Ek gaan my swaard wat flits weer vlymskerp maak
en dan my haters vir my wraak laat beef.* Deut 32:40
Deut 32:41
- 28 *Ek maak my pyle dronk met hulle bloed
en laat my swaard hul heeltemal verslind;
die bloed van dié wat op die slagveld val,
die kop van woeste held en satanskind.* Deut 32:42

SLOT

- Dankbaarheid** 29 *O nasies, juig en jubel met sy volk,
Hy sal die bloed van al sy dienaars wreek.
sy wraak sal al die vyande verslaan
en land en volk versoen, het Hy gespreek.* Deut 32:43

- 2.5 Dat die Sinode die goeie trou en harde werk van die Deputate aanvaar, in die lig van die feit dat die Deputate verteenwoordigend was en die nodige kundiges ingesluit het.
- 2.6 Dat 'n finale hersiene uitgawe van die 1976-Psalmbboek ("Swart Psalmbboek") uitgegee word waarin al die "Totius-berymings", die Messiaanse weergawe van Psalm 110 wat deur Sinode 2012 goedgekeur is en alle Skrifberymings (Belydenisliedere ingesluit) wat tot Sinode 2015 goedgekeur is, opgeneem sal word.
- 2.7 Dat 'n finale hersiene uitgawe van die 2003-Psalmbboek ("Groen Psalmbboek") uitgegee word waarin alle goedgekeurde berymings van die Psalms (die "Totius-berymings", die "Cloete-omdigtings" en die Messiaanse weergawe van Psalm 110 wat deur Sinode 2012 goedgekeur is), alle Skrifberymings (Belydenisliedere ingesluit) wat tot Sinode 2015 goedgekeur is en alle Skrifgetroue liedere wat nie in die Liedboek van die Kerk voorkom nie, opgeneem sal word.
- 2.8 Dat 'n lys van alle Skrifgetroue liedere in die Liedboek van die Kerk wat tot en met Sinode 2015 goedgekeur is, agter in beide Psalmboeke geplaas sal word.
- 2.9 Dat ten opsigte van alle liedere wat na 2015 goedgekeur word, daar van Addendums tot die Psalmbboek gebruik gemaak sal word.

Rapporteur: